MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

14 Junie 2024

OB 23 – Kwartaalbrief: Junie 2024

Beste Ouers

Ons het aan die einde van die tweede kwartaal gekom. Ons het heelwat aktiwiteite gehad waaraan ons leerders kon deelneem en ek glo leerders en personeel sien ewe veel uit na die wintervakansie. Ons het weens weersomstandighede nodig gehad om sommige wedstryde uit te stel na volgende kwartaal toe. Ons gee vir u die volgende opsommende verslag van die kwartaal se aktiwiteite.

Akademie

Grondslagfase: *me. Marga den Engelsman*

Die tweede kwartaal was 'n baie besige kwartaal in Montieland. Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het.
Moderering van assesseringstake en werkboeke is gedoen. Boeke is elke 2 weke huis toe sodat u as ouer u kind se vordering kon sien.
Die onderwyseresse het verskeie opleidingsessies en werkswinkels bygewoon. Dankie vir die ekstra myl wat die juffrouens loop en al julle harde werk gedurende die kwartaal.
Ouerbesoeke was soos gebruiklik ook die kwartaal. Dankie aan die ouers wat dit bygewoon het.
Die Grondslagfase het ook ons eie stemdag gehou. Daar was groot opgewondenheid en die leerders het dit baie geniet. Leerders moes stem vir iemand wat in die klasse kan kom storie lees en Mnr Krüger het loshande gewen. Mnr het al die klasse besoek en vir hulle stories gelees.
Die gr 2 klas se uitstappie Birds Paradise toe is uitgestel weens reën. Ons sal 'n nuwe datum aan die ouers stuur. Die Gr 1 klas het Playalot besoek. Dankie aan al die ouers vir die geld wat u inbetaal het sodat u kind hierdie lekker uitstappies kon meemaak. Hulle het dit baie geniet.

Intermediêre en Seniorfase: *me. M. Stemmet*

Ouersbesoeke was in die tweede week van die kwartaal. Dankie aan elke ouer/voog wat die afspraak nagekom het. Dit is in u kind se belang om die onderwyser/s te spreek veral waar daar uitvalle/bekommernisse is.
Daar is hard gewerk gedurende die kwartaal en die leerders het goed voorberei vir die kontroletoetse. Die kontroletoetse is geskryf oor kwartaal 1 en kwartaal 2 se werk. Ons is trots op elke leerder wat sy/haar kant gebring het. Dankie ook vir u ondersteuning tuis. Daar is egter steeds leerders wat nie aan die vereistes voldoen nie. Ons doen 'n beroep op u as ouer/voog om asseblief 'n afspraak te maak met die onderwyser/s sodat die nodige gesprekke kan plaasvind. Ons is oortuig daarvan dat daar leerders is wat nie hul deel doen nie en nie hard genoeg werk nie.
Die personeel ontvang voortdurend opleiding. Dit geskied meestal deur Teams. Dit verseker dat die personeel altyd op hoogte is van die kurrikulum.
Soos u reeds weet, het die eerste rondte van die SA Wiskunde Uitdaging (AMESA) in die eerste kwartaal plaasgevind. Die tweede rondte is dié kwartaal geskryf en 8 leerders het daaraan deelgeneem.

Leerders kry in die derde kwartaal geleentheid om aan Conquesta deel te neem.
Erkenning sal weer volgende kwartaal aan leerders gegee word wat akademies presteer het. Leerders wat akademiese vordering toon of akademiese prestasies (80%) behaal, kry ook positiewe punte op die d6 dissiplinestelsel.

Biblioteek: *me. Lisa Plomp*

"The more that you read, the more things you will know. The more that you learn, the more places you'll go."
- Dr. Seuss

Dit was 'n lekker bedrywige kwartaal in die biblioteek. Die Monties het weereens fluks boeke uitgeneem. Leerders het die kwartaal Afrikaans, Engels en Vaklektuur uitgeneem.

Op 26 April het ons Wêreldboekedag gevier en die leerders moes soos 'n boekkarakter aantrek. Daar was 'n positiewe deelname en die leerders het baie moeite gedoen. Dit was 'n dag uit die boonste rakke!

Die 3de en 4de Junie was daar 'n boekuitstalling in die saal gehou waar leerders na van die nuutste boeke op die rak kon kyk en ook van die boeke kon koop. Ons het ook 'n hele paar boeke vir die biblioteek aangekoop wat vanaf die 3de kwartaal beskikbaar sal wees om uit te neem.

Mag die winterskoolvakansie vele lekkerlees geleenthede oplewer.

Rekenaarklas: *me. Marika Enslin*

"Sometimes big problems are best solved with lots of small and creative solutions." – Ricardo Salinas Pliego

Computational thinking is 'n gonswoord wat vandag baie gehoor word. Dit verwys veral na die manier hoe komplekse probleme opgelos kan word. Leerders word aangemoedig om sulke probleme op te breek in kleiner stappe en dan so elke stap op te los.

Gedurende hierdie kwartaal is die volgende onderwerpe met leerders behandel:
Gr. 1: Muisvaardighede en MSPaint
Gr. 2: Tikvaardighede en MSPaint
Gr. 3: Tikvaardighede en MSPaint
Gr. 4: Skep jou eie animasie, Tikvaardighede
Gr. 5: Navorsing en elektroniese bronne, MSPowerpoint, Tikvaardighede
Gr. 6: Programmeer met Scratch (animasies), MSWord, Tikvaardighede
Gr. 7: Programmeer met Scratch (speletjies), MSWord, Tikvaardighede

Gr. 3 tot 7-leerders kon ook voortgaan om hulle wiskunde kennis vas te lê deur die gebruik van die Greenshoots program in die Rekenaarklas. Greenshoots kan ook by die huis gebruik word by https://maths.gsed.co.za

Leerders: *me. Maryn Stemmet*

Die Monties was dié kwartaal sommer baie besig: sport, kultuur, akademie.....en dan natuurlik die kontroletoetse.

Laerskool Montagu se leerdergetalle staan tans op 388. Leerders het vanaf 2 Mei begin om wintersdrag te dra. Dankie vir die ouers se samewerking om die kinders netjies en warm te hou.

Die individuele foto's is gedurende die kwartaal geneem en bestellings sal geneem word, sodra ons die foto's ontvang.

Die Monties het op 20 Mei "ietsie" groen aangetrek, vir Kinderbeskermingsweek.

Aangesien dit die jaar die verkiesing was, het die Monties op 28 Mei hul eie verkiesing gehou. Almal het die kans gehad om hul kruisies te trek en het selfs 'n strepie op die duimnael gekry. Die GF-Monties moes stem oor wie vir hulle 'n storie moet lees (en natuurlik het Mnr. Krüger gewen) en die IF-Monties kon stem wie se gesig 'n bietjie geverf kan word deur die prefekte (hier was Mnr. Charl de Beer die wenner). Dit was sommer lekker om speel-speel te leer van grootmensdinge.

Die Monties sien uit na 'n welverdiende drie weke vakansie. Kyk mooi na jouself, geniet elke oomblik, bly gesond en kom veilig terug!

Fisies: *mnre. J. Krüger en L. Strauss*

Die normale instandhouding vind op 'n gereelde basis plaas en ons terrein en skoolgeboue is in 'n goeie toestand. Ons wil hierdeur ook ons steunpersoneel bedank vir al die moeite wat hulle doen om ons skool so mooi te hou. Ons het slegs twee mans wat al die sportvelde en terrein netjies en skoon moet hou, wat beslis nie 'n geringe taak is nie. Baie dankie ook vir die ekstra tyd wat hulle insit om dit vir ons so mooi en skoon te maak.

Kultuur: *me. M. Victor*

Koor:
Beide ons skool se kore is hard besig met voorbereidings vir Ratem Eisteddfod en toekomstige optredes.

Redenaars:
GF Interne redenaars het plaasgevind op 15 Mei. Die volgende leerders het deelgeneem: Ellie Bussell (eerste), Sebastian du Plessis (tweede) en Mekonnen Vermeulen (derde).

IF Interne redenaars:
Gr. 6 en 7 het plaasgevind op 20 Mei. Die volgende leerders is as die wenners aangewys – Luan Koekemoer (eerste), Mariké-Mari McAlpine (tweede) en Olivia Alston (derde). Gr. 4 en 5 het plaasgevind op 22 Mei. Die volgende leerders is as die wenners aangewys – Sion Stemmet (eerste), Aliai Stopforth (tweede) en Roux Datson (derde).

Zoetendal Redenaars:
Anno Jansen, André Bosman en Luan Koekemoer het ons skool gaan verteenwoordig by die Zoetendal redenaarskompetisie op 23 Mei. Luan Koekemoer is as die graad 7-wenner aangewys.

ATKV Redenaars:
Ellie Bussell het hierdie jaar haar staal gaan wys by die ATKV redenaars.

Drama:
Luan Koekemoer het deelgeneem aan 'n Nasionale drama kompetisie, Tiener Toneel. Hy is as die kategorie wenner aangewys. Hy ontvang 95% vir lees en 93% vir voordrag.

Storieskip:
Storieskip het die skool op 22 Mei besoek met 'n splinternuwe produksie. Hulle het ons leerders kom leer van aardverwarming en ook teen die gevare gewaarsku van vreemdelinge.

GF Kultuurmiddag:
Op 12 Junie het Worcester-Noord, Worcester Primêre Skool en Robertson Voorbereiding vir ons kom besoek. Die leerders het deelgeneem aan redenaars, gediggies, vasvra en die kore het ook gesing. Dit was 'n heerlike middag van kultuur.

Sport: *mnr. Louwtjie Strauss*

Atletiek - kwartaal 2:
Jenö Jacobs het 'n toekenning ontvang vanaf Wes-Kaap atletiek vir die beste baanatleet in sy ouderdomsgroep. As een van die goue medaljewenners by die SA Kampioenskappe, het hy ook by 'n spesiale funksie 'n lapelspeldjie ontvang.

Mieke Joubert het die Wes-Kaap verteenwoordig by die SA Tweekamp kampioenskappe, sowel as by die SA Laser Run Kampioenskappe.

Ons kan sommer baie trots voel op dié twee atlete!

Netbal:
<u>Langeberg Proewe (4 April)</u>
Baie geluk aan die volgende leerders wat in die Langeberggroep opgeneem was en deelgeneem het aan Wynland-Noord proewe.
o.11 – Katy Wolmarans
o.12 – Cari Conradie
o. 13 – Ivanah Pekeur en Mahlodi Ramabulana

<u>Wynland-Noord (11 April)</u>
Ons dogters het hul beste hier gegee. Kompetisie was sterk. Baie geluk aan Cari Conradi (o.12) wat opgeneem is in die Wynland-Noord netbalspan.

<u>Wynland Proewe (27 April)</u>
Cari Conradi (o.12) het aan die netbalproewe gaan deelneem en is opgeneem in die Wynland netbalspan.

<u>Wes-Kaap Proewe (10 en 11 Mei)</u>
Ons is hierdie jaar baie bevoorreg om 'n netbalspeelster te kan hê wat opgeneem is in die o.12 Wes-Kaap Willows netbalspan. Sy gaan Junie vakansie deelneem saam met haar span by die All Ages toernooi. Baie baie geluk, Cari Conradi. Ons is so trots op jou.

Rugby:
Die eerste rugbyoefeninge het reeds in die eerste kwartaal begin. Die o. 11 en o. 13-rugbyspanne het aan 'n sportdag op Goudini deelgeneem en ons het baie goeie wedstrydoefening opgedoen. Gedurende die Maart- vakansie het ons by Laerskool Montagu 'n baie suksesvolle rugbykliniek saam met die Westelike Rugby Akademie onder leiding van Hendrik Louw en Bolla Conradie aangebied.

Die wedstryde in die tweede kwartaal het gereeld plaasgevind en ons o. 7 tot o. 13 A en B- spanne het deelgeneem aan ligawedstryde sowel as sportdae en ons eie Montie Sportdag het ook met groot sukses weer plaasgevind. Teen baie groter skole het al die spanne baie goed gedoen.

Ons o. 13-spelers het deelgeneem aan dorpsproewe en streeksproewe. Jenö Jacobs is opgeneem in die Noord-Bolandspan en is verder gekies vir die Boland Akademiespan om aan die Akademieweek te gaan deelneem. Baie geluk met hierdie besondere prestasie.

'Rugbyskills and development for kidz and teenz' het ook weer 'n voorlegging gedoen en leerders kon inskryf om verdere vaardighede aan te leer.
Ons bedank ook ons afrigters, skeidsregters, buite-afrigters, ouers, en ondersteuners wat ons so getrou bygestaan het. Ons sien met opwinding uit na die tweede deel van die seisoen wat voorlê.

Hokkie:
Monties hokkie het hierdie kwartaal geskiedenis gemaak deur ons eerste Montie Hokkie sportdag aan te bied. Ons hoop om volgende jaar op hierdie begin te bou deur meer skole te hê wat deelneem. Ons het ook ons heel eerste wedstryde op ons nuwe hokkievelde gespeel. Ons sê dankie aan almal wat gehelp het om die ontwikkeling van die velde moontlik te maak.
Ons het aan drie sportdae deelgeneem, en Me Salome Burger het 'n baie suksesvolle hokkiekliniek aangebied. Volgende kwartaal is besig met heelwat wedstryde waar ons leerders die geleentheid gaan hê om kragte te meet met ander hokkieskole.
Groot dank aan Carla Joubert wat ons help met afrigting. Ons afrigters sien daarna uit om te sien wat die Monties volgende kwartaal teen groter skole gaan doen.

Algemeen:
Die ligabepalings word ingedeel deur die verskillende bestuurskomitees van die sportkodes. Skole word nie ingedeel volgens grootte of area nie. Ons speel dus nie noodwendig elke jaar teen dieselfde skole ligawedstryde nie. Die bestuurskomitee het aanvanklik beplan dat daar in Augustus uitspele sou plaasvind. Daardie besluit is herroep. Ons sportorganiseerders het verskeie skole genader, sodat ons vriendskaplike wedstryde kan speel, aanvullend tot die datums reeds op die kalender. Hierdie wedstryde word meestal op 'n Donderdag gespeel.

Alle skole waarteen ons in die liga speel, het nie B-spanne nie. Ons neem aan sportdae deel, sodat B-spanne (wanneer moontlik en kompeterende skole B-spanne beskikbaar het) geleentheid kry om wedstryd te speel. Alle skole speel nie hokkie nie, of het nie dieselfde spanne as wat ons beskikbaar het nie. Die hokkiedatums verskil daarom van die netbal- en rugbydatums, omdat ons vriendskaplike wedstryde teen ander skole reël.

Weerbaarheid: *mnre. J. Krüger en L. Strauss*

Sertifikate word weekliks tydens saalopening toegeken aan leerders wat die verskillende waardes van ons jaartema, op 'n besondere wyse uitgeleef of 'n prestasie behaal het. Baie geluk aan elke leerder wie die afgelope kwartaal uitgestyg het en 'n sertifikaat vir hierdie besonderse prestasie ontvang het. Ons weektema's is verder gekoppel aan Brainbuddy – kyk gerus hierna op ons webwerf.

Personeelsake: *me. Eileen Olivier*

Me. Lisa Plomp is vanaf die derde kwartaal met kraamverlof. Ons wens haar en haar gesin baie vreugde toe met die nuwe aankomeling, wat in Junie gebore word. Me. Marlene Brits het ingewillig om in te tree as aflosonderwyser in me. Plomp se pos, totdat sy terugkom in die middel van die vierde kwartaal.

Die personeel het hierdie kwartaal heelwat kursusse bygewoon om vakkennis, onderwys metodes, sportafrigting en leerondersteuning op te skerp. Ons het die onderwysstudente van die omgewing gehelp deur hulle die geleentheid te gee om by ons te kom leer tydens hul proeftydperk.
Ons wil ook ons assistente bedank wat die onderwyspersoneel se hande in die klas en op die sportveld sterk.
Dit was 'n besige kwartaal met baie sport en ander aktiwiteite. Ons wens al die kinders, ouers en onderwysers 'n heerlike ruskans tydens die vakansie toe.

Bemarking: *me. Annie Wigmore*

Ons skool het 'n baie geslaagde gholfdag gehou op 13 April. Dankie aan al ons beheerliggaamlede en ouers vir hulle harde werk. Met 'n groot groep spelers en uitstekende ondersteuning van ons borge was dit 'n uiters suksesvolle dag. Ons sê veral dankie aan ons hoofborg Sanbona vir die skenk van 'n naweek se verblyf vir die lootjielys. Dankie aan Burger Conradie wat die dag beplan en gekoördineer het.

Die Spar Montie Sportdag is ook een van ons skool se top bemarkings-geleenthede van die jaar. Baie dankie vir almal se ondersteuning: Dit was 'n puik naweek! Elke ouer wat by die stalletjies betrokke was se ondersteuning aan ons skool word opreg waardeer. Ons leerders se sportmangees het die Montie-naam hoog gehou. Dankie aan al die borge wat ons ook by hierdie geleentheid so ruim ondersteun het.

Alle leerders het verlede week hulle Montie Mall bestelvorms ontvang en ons weet hulle sal ywerig verkoop tydens die vakansie. Die eerste motiveringspryse is reeds uitgedeel.

Jan Krüger

Baie dankie aan al ons ouers/voogde se ondersteuning gedurende die afgelope kwartaal. Ons Gholfdag en Montie Sportdag het uitstekend afgeloop en ons kon dit nie sonder oueronderseuning gedoen het nie.

Tans is ons Montie Mall projek aan die gang en u het reeds die inligting daaroor ontvang. Ons vra ook asb. u ondersteuning vir hierdie fondsinsameling. Ons is trots daarop om produkte uit Montagu te bemark aan ons plaaslike inwoners, maar ook aan familie en vriende buite Montagu.

Dankie aan ons beheerliggaam, vir al hul harde werk en ondersteuning, sodat die skoolsake vlot kan verloop. Hulle spandeer baie ure van hul persoonlike tyd hiervoor.

Ek wens elkeen wat met vakansie gaan 'n veilige reis toe. Ek bid dat elke leerder en personeellid veilig sal terugkeer na die skool. Ek glo die rus gaan almal goed doen sodat almal weer vuur en vlam sal wees vir die nuwe kwartaal. Selfs al gaan u nie met

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Kwartaalprogram: Kwartaal 3 van 2024

*(Kwartaaldatums word gepubliseer op die **d6-kalender**, asook opgedateer in die weeklikse **Montienuus**, wanneer nodig. Die eerste 3 weke en enkele ander datums van kwartaal 3 word hieronder uitgelig. Ouers word aanbeveel om die d6-app op hul fone af te laai. Sodoende weet u dadelik as daar datums bygevoeg of verander word. Let wel dat hierdie datums kan verander weens omstandighede.)*

9 Julie	Skool heropen om 08:00. Rugby- en netbaloefening begin.
13 Julie	Ashton Pikkie Sportdag rugby en netbal o. 7 – o. 9; Volschenk Sportdag Rugby o. 11A en o. 13A, netbal o. 12A & o. 13A.
15-19 Julie	Brain Tribe aanbieding: Gr. 1 en 4
17 Julie	Ouerbesoeke
18 Julie	Rugby en netbal: Bonnievale Primêr (t)
19 Julie	Entrepreneurs: Prefekte
20 Julie	Bonnievale Sportdag rugby en netbal: netbal o. 7 – o. 11, rugby o. 7 – o. 9
25 Julie	Rugby & Netbal: Bonnievale Hoërskool (w)
26 Julie	Entrepreneurs: Gr 3V; Laerskool Robertson Sportdag: Hokkie
27 Julie	Ls Robertson Sportdag rugby en netbal (o. 10 – o. 13)
1 Augustus	Montie Mall sluit
13 Aug.	Sportfoto's: leerders moet alle nodige sportdrag skool toe bring (netbal, hokkie, rugby en buite-skool sportsoorte)
19 Aug.	Kore: Ratem Eisteddfod te Riversdal
21 Aug.	Kore: optrede saam met Rhodes University Choir
29 Aug.	Snr. Koor neem deel aan Hoërskool Montagu Koorfees
11 Sept.	IF Kultuurmiddag
13-14 Sept.	Merwe Genis Krieketkliniek
18-20 Sept.	Gr. 5 S.O.S. kamp
20 Sept.	Skool sluit om 10:30
Afkortings: GF: Grondslagfase gr. 1-3, IF: Intersenfase gr. 4-7.	
Entrepreneursdae: Leerders word aangemoedig om hieraan deel te neem. Alle wins (Behalwe prefekte se entrepreneursdae) is die leerder se wins. Leerders betaal slegs R2 om 'n tafel te "huur". Hierdie is die ideale geleentheid om geld bymekaar te maak vir kampe of uitstappies.	

Beheerliggaam – Kwartaalverslag
Kwartaal 2 – 2024

Ons kyk terug op `n propvol kwartaal met dankbaarheid en verwondering in hoe ons skool en sy leerders gegroei en presteer het. Ons as beheerliggaam wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om vir elke onderwyser wat `n verskil in ons leerders se lewe maak, te bedank vir hul onbaatsugtige toewyding en passie waarmee hulle elke dag met ons leerders omgaan. Terselfdertyd wil ons ook elke ouer bedank vir hulle ondersteuning en hulle kosbare tyd wat hulle aan ons skool toegewy het gedurende die besige kwartaal. Sonder elkeen van julle se bydrae sal Monties nie die skool wees wat dit vandag is nie. Laastens maar definitief nie die minste nie, `n groot dankie aan al ons leerders vir julle harde werk in die klaskamers en ook op die sportvelde, ons is baie trots op elkeen van julle.

Die kwartaal het sommer al in die Maart skoolvakansie begin met 3 Monties wat aan SA kampioenskappe deelgeneem het. Ons is ongelooflik trots op Jenö Jacobs, Jarell Johnson [SA Atletiekkampioenskappe] en Mieke Joubert [SA Tweekamp Kampioenskappe en SA Laser Run Kampioenskappe] wat baie goed presteer het.
Ons wens ook vir Carie Conradie [Netbal Skole Wes-Kaap o. 12 Span] en Jenö Jacobs [Boland o. 13 Akademie-rugbyspan] baie geluk met hulle onderskeie prestasies.
Op 13 April vind ons jaarlikse Gholfdag plaas. Wat `n groot sukses was dit nie?! Ongelooflik baie dankie vir elke onderwyser, ouer en borg se tyd, ondersteuning en bydraes wat daartoe gelei het. `n Spesiale dankie aan Burger Conradie wat die koördinering van die suksesvolle dag behartig het.

Die Montie Sportdag het plaasgevind op 3 en 4 Mei. Nie net was dit die eerste Hokkie sportdag in die geskiedenis van ons skool nie, maar dit was ook een van die mees suksesvolle sportdae wat ons skool aangebied het. Eerste aan die beurt was die Hokkie sportdag op Vrydag 3 Mei [op ons nuwe hokkievelde]. `n Spesiale dank aan Juffrou Eileen en haar span wat hierdie dag moontlik gemaak het. Op Saterdag 4 Mei was dit Rugby en Netbal se beurt. Hier wil ons baie dankie sê aan elke ouer wat baie hard gewerk het aan die voorbereiding, maak en verkope by al die kosstalletjies. `n Groot dankie aan Wilhelm Sadie wat die dag gekoördineer het. Ons onderwysers moet ook geprys word. Julle het weereens gewys wat `n trotste Monties span ons is. Baie dankie!

Ons as beheerliggaam wil die geleentheid gebruik om vir Zander Smit te bedank vir Spar Montagu se volgehoue ondersteuning en borgskap vir die groot dag op ons kalender.

Op kultuur gebied het ons leerders ook baie goed presteer. Baie geluk aan ons brawe redenaars, ons is trots op julle. Luan Koekemoer word as graad 7 wenner aangewys by die Zoetendal redenaarskompetisie. Storieskip besoek ons weer op 22 Mei en die leerders het dit baie geniet. Op 3 en 4 Junie het ons weer ons jaarlikse boekuitstalling gehad, wat groot opgewondenheid onder die leerders gebring het. Baie dankie vir jul ondersteuning.

Die skool se sonkragprojek vorder baie goed, ons is in die pylvak met al die goedkeurings wat benodig word en hoop om binnekort met die projek te begin. Dit is die grootste finansiële projek wat nog aangepak is, ons glo dat die projek vir die skool op langtermyn baie voordelig sal wees.

Namens die beheerliggaam wil ek elke rolspeler in ons skool bedank. Ons waardeer elke inset, elke opoffering, elke teenwoordigheid en al die ondersteuning wat jul bied. Ek hoop die eksamen het goed verloop.
Geniet jul vakansie, lekker rus, julle verdien dit!

Groete

Anton Rautenbach

Beheerliggaam